

## God se ewige evangelie



### SABBATMIDDAG

#### Leesverwysings vir hierdie week se studie:

Openbaring 14:6–12; Mattheüs 24:14; Prediker 12:13, 14; Exodus 20:2–11; Jesaja 21:9; 34:8–10.

#### Geheeteks:

“Hier kom die lydsaamheid van die heiliges te pas; hier is hulle wat die gebooie van God en die geloof in Jesus bewaar” (*Openbaring 14:12*).

**O**penbaring toon dat Satan se eindtydmisleiding so suksesvol sal wees dat die wêreld sal kies om die dier te aanbid en sy merk te ontvang. Maar Openbaring 14:1–5 vertel aan ons dat God sy oorblyfsvolk sal hê, hulle wat vir God sal opstaan wanneer de meeste mense in die wêreld dit nie sal doen nie. Uiteindelik sal mense moet kies, nie om te aanbid of nie te aanbid nie (almal aanbid altyd iets), maar liever wie om te aanbid. Die aanbidders van die dier sal die merk op hulle voorkoppe of op hulle regterhande ontvang, ‘n simbool van hulle keuse om hierdie afvallige sisteem met hulle verstande en dade te dien.

Terselfdertyd sal die wêreld ‘n groot verkondiging van die evangelie beleef, so groot soos nog nie weer na Pinkster gesien was nie. Voor die oordele van God op die rebelse mensdom uitgestort sal word, sal God sy waarskuwingsboodskappe stuur. Satan se aktiwiteite vind wêreldwyd plaas; dus sal die verkondiging van die eindtydevangelie ook wêreldwyd plaasvind. God wil nie hê dat enigeen verlore moet gaan nie, maar dat almal gered moet word. Dit is hoekom Christus vir die hele mensdom gesterf het. Die kwessie is, wie gaan dié voorsiening aanvaar en wie nie.

*\*Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 9 Maart.*

## Die drie engele se boodskappe

Net voor die einde stuur God sy waarskuwingsboodskappe wat simbolies deur drie engele wat deur die lug vlieg en met groot stemme uitroep, uitgebeeld word. Die Griekse woord vir engel (*angelos*) beteken “boodskapper”. In die Bybel verteenwoordig engele dikwels persone wat in God se diens is (*Maleági 2:7, Matthéüs 11:10*). Bewyse uit Openbaring dui aan dat die drie engele God se volk is aan wie die eindtydboodskap toevertrou is om aan die wêreld te verkondig.

**Lees Openbaring 14:6 saam met Matthéüs 24:14. Die eerste engel se boodskap word na verwys as die “ewige evangelie” (Openbaring 14:6). Wat vertel dit aan ons oor die inhoud en doel van die eerste engel se boodskap? Hoekom is hierdie boodskap die middelpunt van alles wat ons glo?**

---

Die eerste eindtydboodskap is die evangelieboodskap. Die evangelieboodskap is die goeie nuus oor God, wat die mens red deur wat Jesus Christus vir hulle gedoen het. Die eerste engel se boodskap is die “ewige” evangelie, want dit is deel van God se voortdurende poging om die gevalle mensdom terug te wen, ‘n plan wat in plek was voordat ons bestaan het (*II Timótheüs 1:9, Titus 1:2*). Die evangelie sluit beide verlossing en oordeel in. Dit is die goeie nuus van verlossing vir diegene wat dit aanvaar, maar dit is ook ‘n oordeelswaarskuwing vir diegene wat die hoop wat dit bied, verwerp.

Die boodskappe van die drie engele word met ‘n “groot stem” verkondig (*Openbaring 14:7, 9*). Die boodskap is dringend en belangrik; dit moet deur almal gehoor word, want dit behels hulle ewige bestemming. Daarom moet dit aan elke nasie, stam, taal en volk verkondig word. Dit is veral belangrik in die lig van die feit dat, aan die einde van tyd, die dier sy sataniese gedelegeerde outoriteit oor “elke stam, taal en nasie” (*Openbaring 13:7*) sal afdwing. Net soos Satan se misleidende aktiwiteite wêreldwyd in omvang is, so is die eindtydverkondiging van die evangelie ook wêreldwyd.

Die drie-engeleboodskappe word deur God se volk verkondig om die drietal demoniese geeste wat soos paddas lyk en wat uit die mond van die sataniese drie-eenheid kom, teen te werk (*Openbaring 16:13, 14*). Hulle boodskappe maak die drie engele se boodskappe na. Aldus, aan die einde van tyd, sal die wêreld twee mededingende boodskappe aangebied word, elk met die doel om die samewerking van die mense op aarde te verkry.

**As Sewendedag-Adventiste word ons geroep om die wêreld met die evangelie te bereik. Wat doen jy (ja, jy!) om te help om juis dit te doen? Wat kan jy nog meer doen?**

## Die eerste engel se boodskap, Deel 1

**Lees Openbaring 14:7 saam met Prediker 12:13, 14. Wat beteken “vrees God”? Hoe is die konsep van om God te vrees, verwant aan die evangelie, en wat het die evangelie met die hou van God se gebooie te doen? (Sien ook Romeine 7:7–13.) Wat is die verband tussen om God te vrees en om Hom te verheerlik?**

---



---

Die oproep “ ‘Vrees God en gee Hom heerlikheid’ ” (*Openbaring 14:7*) word in die konteks van die “ewige evangelie” verkondig. ‘n Besef van wat Christus gedoen het om ons te verlos, maak dat ons positief teenoor Hom reageer. In Openbaring word om God te vrees en aan Hom heerlikheid te gee, verenig (*Openbaring 11:13, 15:4*). Terwyl eersgenoemde ‘n regte verhouding met God aandui (*Job 1:8*), toon laasgenoemde gehoorsaamheid aan Hom. Om God te vrees, beteken nie om bang vir Hom bang te wees nie, maar om Hom ernstig op te neem en om Hom eerste in ons lewens te plaas. God se eindtydvolk is diegene wat God vrees (*sien Openbaring 11:18, 19:5*). Die persoon wat God vrees, verheerlik Hom deur aan Hom gehoorsaam te wees (*Deuteronómium 5:29, Prediker 12:13*), en deur sy karakter te weerspieël (*Génesis 22:12*).

Die verwysing na die “uur van sy oordeel [wat] gekom [het]” is die motivering om God te vrees en aan Hom heerlikheid te gee (*Openbaring 14:7*). Die oordeel hier ter sprake is die pre-Adventoordeel, wat voor die Tweede Koms plaasvind. Die doel van die pre-Adventoordeel is om te bepaal of ons God waarlik dien of nie, en om ons keuse te finaliseer (‘n keuse wat deur ons werke bevestig word). Aan die einde van hierdie oordeel is die eindbestemming van elke persoon bepaal (*Openbaring 22:11*), en Jesus sal dan kom om elke persoon volgens hulle dade te beloon (*Openbaring 22:12*).

Oordeel in Openbaring 14 is deel van die evangelie. Aan hulle wat ‘n goeie verhouding met God het, is die oordeel goeie nuus; dit beteken regstelling, verlossing en om waarlik vry te wees. Dit is egter slegte nuus vir die ontroues. Die boodskap van die komende oordeel is ‘n oproep aan hulle om na God terug te keer en hulle te bekeer, want God wil nie hê dat enigeen verlore moet gaan nie, maar dat almal tot bekering moet kom (*II Petrus 3:9*).

**Hoe sal jy alleen in die oordeel kan staan? Wat sal die uitspraak oor jou werke wees? Wat sê jou antwoord aan jou oor hoe nodig jy die evangelie het, en hoekom vorm dit so ‘n hegte eenheid met die eerste engel se boodskap?**

## Die eerste engel se boodskap, Deel 2

Openbaring toon dat die kernkwessies van die laaste botsing in hierdie aarde se geskiedenis aanbidding en gehoorsaamheid aan God soos wat die gebooe van God weerspieël (*Openbaar 14:12*), sal wees. Die mense in die wêreld sal in twee groepe verdeel wees: hulle wat God vrees en aanbid, en hulle wat die dier vrees en aanbid.

**Hersien die eerste vier gebooe van die Dekaloog (die Tien Gebooe) (*Eksodus 20:2–11*), en lees Openbaring 13 weer deur. Wat is die verband tussen die dier se aanbiddingsvereiste (*Openbaring 13:15*), die maak van ‘n beeld vir die dier om aanbid te word (*Openbaring 13:14, 15*), die lastering van God en van sy Naam (*Openbaring 13:5, 6*), die ontvang van die merk van die dier (*Openbaring 13:16, 17*), en Satan se aanvalle op die eerste vier gebooe van die Dekaloog in die finale stryd?**

Die kern van die eerste vier gebooe het met aanbidding te doen. Openbaring dui aan dat hierdie gebooe die maatstaf van lojaliteit teenoor God in die finale stryd sal wees. Die finale stryd tussen Christus en Satan sal rondom aanbidding en die eerste vier gebooe afspeel. Die kernkwessie in die finale stryd word in die tweede aanmaning van die eerste engel se boodskap beklemtoon. Die oproep “ ‘aanbid Hom wat die hemel en die aarde en die see en die waterfonteine gemaak het’ ” (*Openbaring 14:7*), is ‘n woordspeling van die vierde gebod van die Dekaloog (*Exodus 20:11*). Dit toon dat die oproep om God as die Skepper te aanbid in die konteks van Sabbataanbidding gegee word.

In die Dekaloog, soos in die res van die Bybel, stem ware aanbidding met die korrekte aanbiddingsdag ooreen. Die sewendedag-Sabbat is ‘n spesiale teken van ons verhouding met God (*Eksodus 31:13, Eségiël 20:12*). Die eerste engel se boodskap dui daarop dat aan die einde van tyd die mense in die wêreld geroep sal word om terug te keer na die aanbidding van die ware Skepper God, en om Hom eerste in hulle lewens te plaas. Hierdie boodskap spreek teen Satan se misleidende eindtydaktiwiteite om die wêreld na valse aanbidding te lei om ‘n namaakselgod te dien, en te aanbid. Die vierde gebod, die sewendedag-Sabbat, sal die middelpunt hiervan wees.

“Terwyl die viering van die valse sabbat in gehoorsaamheid aan die staatswette maar in botsing met die vierde gebod, ‘n betuiging van trou is aan ‘n mag wat in stryd is met God, sal die viering van die ware Sabbat in gehoorsaamheid aan Gods wet die bewys van getrouheid aan die Skepper wees. Terwyl die een klas deur die aanvaarding van die teken van onderwerping aan aardse magte die merkteken van die dier ontvang, ontvang die ander klas deur die teken van getrouheid aan Goddelike gesag te verkies, die seël van God.” — Ellen G. White, *Die Groot Stryd*, bl. 605.

## Die tweede engel se boodskap

Terwyl die eerste engel se boodskappe 'n beroep op die mensdom doen om die ware God te vrees en te aanbid, kondig die tweede die ondergang van eindtyd-Babilon, die valse godsdienssisteem, aan.

**Lees Openbaring 14:8 saam met Openbaring 18:2 en Jesaja 21:9. Die tweevoudige herhaling van die woord “geval” dui op die sekerheid van Babilon se einde. Hoekom word Babilon as reeds geval beskryf, terwyl die val in die toekoms sal plaasvind?**

---

Babilon word hier 'n groot stad genoem. Die rede hiervoor is omdat die simbool van Babilon in Openbaring op die historiese Babilon gegrond is wat 'n goddelose mag was wat teen God gewerk het, en sy volk verdruk het. Jesaja 14:12–15 vergelyk Babilon met Satan wat poog om homself met God gelyk te stel. Die eindtyd-Babilon in Openbaring is die naam vir die sataniese drie-eenheid wat met ander valse godsdiensdienste 'n eenheid vorm (*Openbaring 17:5*). Hulle sal hulself aan Satan diensbaar maak teen God se volk (*sien Openbaring 13:11–18*). Hierdie gevalle godsdienseenheid sal die verwaandheid van antieke Babilon toon, deur hulleself bo God te stel, en te streef om Hom op hierdie aarde te vervang. Die boodskap van die tweede engel waarborg God se volk dat hierdie bese sisteem tot 'n einde sal kom, net soos dit met Babilon van ouds gebeur het.

**Lees Openbaring 14:8 saam met 17:2 en 18:3. Hoe kry Babilon dit reg om die wêreld te laat drink “van die wyn van haar hoerery”? Wat is hierdie wyn?**

---

Babilon word aangekla dat sy al die nasies van die wyn van die grimmigheid van haar hoerery gemaak drink het. Jeremia verwys na Babilon wat die nasies van die aarde dronk gemaak het (*Jeremia 51:7*). Openbaring 17 beeld Babilon uit as 'n prostituut wat die mense op die aarde dronk maak met die wyn van haar hoerery (*sien Openbaring 17:2*). Dit verwys na Openbaring 13 waar die sataniese drie-eenheid die mense op die aarde dwing om die dier en sy beeld te aanbid (*Openbaring 13:11–18*). Die wyn van Babilon verwys na die valse leerstellings en valse evangelie wat deur hierdie afvallige godsdienssisteem aangebied was. Dronk mense kan nie nugter dink nie. Wanneer die mense geestelik dronk word van Babilon se wyn, sal Babilon hulle gewetes beheer en hulle verlei om die dier te aanbid en die merk van die dier te ontvang. Nadat hulle weer nugter is, sal hulle besef watter besluite hulle gemaak en hoe hulle opgetree het, maar dit sal dan te laat wees (*Openbaring 17:15–17*).

**Moet 'n mens in Babilon woon om van die wyn van Babilon te drink? Op watter manier kan 'n persoon van Babilon se wyn drink?**

# Die derde engel se boodskap

## Hoe beeld Openbaring 14:12 God se getroue volk uit?

---

---

---

In teenstelling met hierdie mense waarsku Openbaring 14:9, 10 wat die voorland van hulle wat God se grimmigheid in die gesig sal moet staar, sal wees. In die Ou Testament word die uitstorting van God se grimmigheid simbolies beskryf as om wyn van 'n beker te drink (*Jeremia 25:15, 16*). Die felheid van die oordeel oor die aanbidders van die dier word beskryf as om die wyn van die grimmigheid van God wat ongemeng in die beker van sy toorn ingeskink sal word, te drink. In die ou tyd het die mense dikwels wyn met water verdun om die graad van bedwelming te verminder. Om die graad van bedwelming te vermeerder, was onverdunde wyn met kruie en speserye vermeng. Die vermengde, onverdunde wyn verteenwoordig die uitstorting van God se grimmigheid wat ten volle, sonder genade, uitgestort sal word (*sien Psalm 75:8*).

## Lees Openbaring 14:10, 11 saam met Openbaring 20:10–15. Hoe werp Jesaja 34:8–10 en Judas 7 lig op die verklaring: “‘En die rook van hulle pyniging gaan op tot in alle ewigheid’”?

---

Die verklaring van foltering deur vuur en swael verwys na totale vernietiging. Vuur en swael is God se oordeelsmiddele (*Génesis 19:24, Jesaja 34:8–10*). Die stygende rook van vernietiging is 'n welbekende simbool in die Bybel. Jesaja het van die toekomstige vernietiging van Edom deur middel van vuur en swael, geprofeteer: “Dit sal snags of oordag nie uitgeblus word nie; vir ewig gaan sy rook op ...” (*Jesaja 34:10*). Judas beskryf die lot van Sodom en Gomorra as die straf van die “ewige vuur” (*Judas 7*). Die teksverse praat nie van eindelose verbranding nie, want nie een van die stede brand vandag nog nie. Die gevolg is ewig, nie die verbranding self nie. Die “ewige vuur” in Openbaring verwys na uitwissing; die verbranding sal net lank genoeg aanhou om die vertering moontlik te maak totdat daar niks oorbly om verbrand te word nie.

**Alhoewel ons vir die groot waarheid van die vure van die hel wat nie die verlore nes vir ewig sal martel nie, dankbaar is, is die straf nogtans verskriklik. Wat behoort dit aan ons te sê oor die gewyde taak wat aan ons gegee is om andere te waarsku teen wat aan die kom is?**

## Vir verdere studie:

Lees Ellen G. White, “Die Finale Waarskuwing,” bl. 603–612, in *Die Groot Stryd*. Openbaring toon dat aan die einde van tyd God se volk opdrag het om die eindtyd-evangelie aan die wêreld te verkondig. Die werk wat op ons wag, lyk ontmoedigend en alles behalwe moontlik. Maar, ons het die belofte van God se krag. “Die groot werk van die evangelie sal nie afgesluit word met ‘n geringer openbaring van die krag van God as by sy aanvang nie. . . . “Die boodskap sal verkondig word, nie soseer deur argument nie, as deur ‘n diepe oortuiging van die Gees van God. Die argument is reeds aangevoer. Die saad is gesaai en nou sal dit opkom en vrugte afwerp.” —Ellen G. White, *Die Groot Stryd*, bl. 611-612. Die afsluiting van die verkondiging van God se finale boodskap sal tot gevolg hê dat daar ‘n groot skeiding tussen die mense in die wêreld sal plaasvind wat die mense in twee groepe sal verdeel: hulle wat ‘n verhouding met God het en hulle wat kies om die dier te volg. Hierdie verdeling word in terme van twee oesinsamelings uitgebeeld: die insameling van die koring vir die graanskure (*Openbaring 14:14–16*), en die druiwe om in die groot parskuip getrap te word (*Openbaring 14:17–20*). Hierdie is die onderwerp van Openbaring 17-18.

## Vrae vir bespreking:

1. Dink na oor die volgende: Wie nog preek die drie-engeleboodskappe behalwe die Sewendedag-Adventiste? Wat behoort dit aan ons te sê oor hoe belangrik ons werk is? Hoe ernstig beskou ons dit?
2. Hoekom dink jy is die oordeel ‘n ongewilde konsep vir baie Christene? Van watter belang is die konsep van die pre-Adventoordeel vir Christene vandag? Hoe sal jy jou medegelowiges help om die ware betekenis van die pre-Adventoordeel te verstaan?
3. Dink na oor die vraagstuk van die Sabbat in konteks van die finale gebeure. Hoekom maak dit soveel sin dat die sewendedag-Sabbat wat terugverwys na die eerste week van die Skepping (*Génesis 2:2, 3*), so ‘n kernrol speel? Indien dit ‘n kwessie is van wie ons aanbid, die Skepper van “hemel en aarde” (*Openbaring 14:7*) of die dier, en indien die sewendedag-Sabbat die oudste, die mees fundamentele en werklike teken van God se skeppingsmag van “hemel en aarde” is, waarom speel die Sabbat wat een van God se gebooue is (*Openbaring 14:12*) dan so ‘n belangrike rol in die finale stryd?